

Sondag 10 Junie

Skrifgedeelte: Esra 9:1-5

Fokusgedeelte: Esra 9:3-5

Kom terug na God toe

Koning Kores van Persië het toegelaat dat 'n aantal Israeliete uit ballingskap na Juda toe terugkeer. Ongeveer 80 jaar later het koning Artasasta toegelaat dat nog Israeliete terugkeer. Onder hulle was die Skrifkenner en priester, Esra.

Esra het intens gerou toe hy hoor dat van die vorige ballinge wat teruggekeer het, met van die nie-Joodse bevolking getrou het. God se opdragte toe die Israeliete die Beloofde Land die eerste keer ingeneem het, was nog net so geldig. Toe het Hy opdrag gegee dat die nasies verdryf moes word, omdat hulle so goddeloos was (Deut. 9:5) en hulle die Israeliete sou verlei om teen God te sondig (Eks. 23:32).

Die ongehoorsame Israeliete het die deur oopgemaak dat God se volk onder sy toorn sou vergaan. Dit is teen dié agtergrond dat mens verstaan dat Esra sy klere geskeur, sy baard en hare uitgetrek het en verslae was. Die nuus van sy geloofsgenote se ontrou was soos 'n doodsberig.

Wanneer ons agterkom dat ons aan God ongehoorsaam geraak het, kan ons dit nie aanvaar nie. Ons moet na Hom toe terugkom.

Esra het teen die tyd van die aandoffer tot God begin bid. As Nuwe-Testamentiese gelowiges het ons 'n groter Hoëpriester wat 'n groter offer namens ons voor God gebring het. Ons mag deur ons Here Jesus tot God nader. Wanneer ons ons voor Hom veroot-moedig, vergewe Hy en verander Hy lewens.

Sing: Psalm 130-1:1

Ds. EJ (Edmund) de Beer (Laeveld)